——:o:——

## UNIE-SENAAT:

## ONTWERP OM VOLK TE KNELTER.

**Geldmag probeer volk lam hou:** Die geskiedenis van meeste volke weerspieël die gedurige pogings van ryk groepe binne-in so 'n volk en daarbuite om beheer oor die rykdomme van daardie volk te kry en om die volk self te gebruik om vir daardie groepe ander rykdomme te verwerf. En hiervoor span hul alle magte in; die fisike magte van geweld en krag; die ekonomiese magte van geld en voordeel; die sielkundige magte van beïnvloeding en vrees; of die magte van die gewete en van reg.

Omdat hierdie stelsel so goed gewerk het in Engeland, in belang van die Britse geldmag, is baie daarvan ook in Suid-Afrika ingevoer.

**Geldmag (Lords) regeer Engeland:** Vanaf die jaar 1066 is Engeland nog altyd regeer deur 'n geldkaste—in hoofsaak die afstammelinge van die Fransc Normandiërs wat 900 jaar gelede na Engeland oorgegaan het, die

Engelse volk by Hastings verslaan het en toe die hele land onder mekaar uitgedeel het. Hierdie Franse Normandiërs het elkeen die baas of „Lord" van „sy" deel van die land geword. En tot vandag toe is dit grootliks hul afstammelinge wat Engeland regeer.

Een van die geheime van hierdie eienaardige verskynsel lê in die feit dat hul toevallig 'n stelsel toegepas het wat vir hul en hul families oor honderde van jare baie ryk gehou het. Debelius, die groot wêreldberoemde kenner van die Britte, vertel:

> „The land is possessed by an aristocratic caste, that without doing any work or taking any real risks of its own, lives in the country on magnificent estates in the enjoyment of princely revenues, occupying itself in the main in a careless unsystematic way with hunting, sport and politics" (Debelius: *England*, bls. 114).

Vanaf 1832 veral het hierdie ryk kaste die beleid gevolg om ander persone wat baie ryk geword het ook in hulle geledere op te neem en om ook hul tot „Lords" te verhef. Op hierdie manier het die ou Normandiese „aristokrasie" in Engeland magtig gebly.

> „Any extraordinary successful career will carry a man into the peerage. The really big industrialist or merchant or even the distinguished poet like Tennyson is taken into the circles which have governed the country" (Debelius, bls. 115).
>
> „Large sections of heavy industry, high finance and the exporting trades are associated with the land owning aristocracy of the Conservative Party . . . . . " (Debelius, bls. 188).

**Eksploiteer eers Britse Rykdomme: Dan Koloniale Rykdomme:** Hierdie ryk groep het hulself daarop toegespits om in die eerste plek die Britse besittings en nasionale rykdomme vir hulself te eksploiteer. En met die loop van jare het hul daarna stadigaan die rykdomme van ander lande en ander volke vir hulself toegeëien. Vir daardie toeëiening is die gewone Engelse burger handig gebruik, terwyl die Britse volk en elke betrokke vreemde koloniale volk magteloos gehou is deur verlammende propaganda of deur ekonomiese magte of deur juridiese regeringsvorms.

Dieselfde metodes wat in Engeland so suksesvol toegepas is om hul eie volk te verlam en om die houvas van die Britse geldmag te vergemaklik, het hul op die kolonies toegepas. En nadat dit geblyk het dat een van hul regeringsinstellings, nl. die „House of Lords" vir hul 'n handige en doeltreffende wapen in Engeland was, het hul probeer om dieselfde wapen in die kolonies te skep, om hul belange ook daar te dien.

**Vir eeue is Engeland regeer deur 'n Koning en die ryk kaste:** Met die styging van die ontevredenheid van die gewone burgers en die behoefte van die konings om uit belastings op daardie burgers vir hul en hul regerings gelde in te oes, is gaandewys 'n Parlement van gekose verteenwoordigers, die „House of Commons", in die lewe geroep. Dit was 'n poging om die Britse volk te span en stil en gehoorsaam te hou solank dit gemelk word.

Maar om die „House of Commons" magteloos te maak is 'n ander instelling, die „House of Lords", meer en meer gebruik. Die „House of Lords" het die mag gekry om die „House of Commons" te dwarsboom. Geen besluit wat die „House of Commons" geneem het kon wet word tensy die „House of Lords" (die vergadering van die rykmanne van Engeland) dit goedgekeur het nie. En hierdie rykmanne sou niks goedkeur wat hul belange of hul rykdom sou aantas nie. Elke moontlike hervorming is deur hul altyd stelselmatig belemmer en sover moontlik gestuit.

So o.a. toe daar in 1832 'n poging aangewend is om die „Rotton Boroughs" af te skaf (dit was kiesafdelings wat feitlik geen kiesers gehad het nie en waar die ryk grondbaas die Parlementslid self benoem het), het die „House of Lords" dit heftig bestry (Virginia Cowles: *No Cause for Alarm*, p. 83); toe Lloyd George in 1909 inkomstebelasting met 2d. in 'n £1 wou verhoog (van 1/- na 1/2) en 'n Ligte Superbelasting (van 6d. in die £1) wou hef tesame met 'n nietige grondbelasting, toe is sy regering vir twee jaar gedwarsboom en moes daar twee nuwe verkiesings gehou word voordat alles kon deurgaan; toe dit nodig geword het om vir die Iere 'n mate van selfregering te gee, was dit hierdie selfde grondhere met hul „House of Lords" wat dit gekeer het (Frank Owen: *Tempestuous Journey*, p. 169); ens. ens.

Elke ding wat hul magte aangetas het of wat vir hul 'n uitgawe beteken het, is gedwarsboom, selfs die noodsaaklikste. In alles het hule eie belange altyd die grootste rol gespeel.

Om hulself ryk en magtig te hou was die „House of Lords" 'n wonderlike middel, want hulle self kon daarmee enige wet belet. Geen beter middel om hul eie belang te beskerm en te bevorder kon enige mens verlang nie.

Vir geslagte is die Britse volk op hierdie wyse magteloos gehou, al het meer en meer van hul die stemreg gekry. Die „House of Lords" het uitstekend gewerk.

**Kolonies: Britte stroop:** Toe die Britse imperialiste begin het om kolonies te stig was die groot motief daaragter hul strewe na rykdom en geld:

> „The cornerstone of the Colonial Policy of Great Britain in the early days of the Empire lay in the desire of the Mother Country to increase her commercial prosperity and activities......

> „It is true that it was intended to relegate the Colonies to an entirely subordinate position within the Empire, and that they should exist solely for the good of the Mother Country" (*R.* W. Langstone: *Responsible Government in Canada*, bls. 2, 4).

**Kolonies het net volksrade:** In hul kolonies het die Britte eers altyd 'n regeringstelsel ingestel wat bestaan het uit 'n sogenaamde Parlement met net één „Huis" of „Raad", en nie uit twee nie. Dit was die geval vanaf die oudste kolonies soos Kanada tot die jongeres soos die Kaap.

Die lede van daardie Raad of „Volksraad" was nie gekose persone nie maar aangestelde mense wat taamlik blindelings gedoen het wat die Britse heersers verlang het. En daar het by die Britte gevolglik geen noodsaaklikheid bestaan om daardie „Rade" of „Volksrade" ooit magteloos te hou nie.

**„Senaat" ingevoer: Toe Volksrade gekies word:** Maar die oomblik toe die Britse Regering gedwing was deur die gevoelens van die kolonies of deur opstande en rebellies en gekose Volksrade in te voer, het hul 'n plan gemaak om daardie Volksrade lam te hou. En die plan was om in navolging van Engeland 'n „House of Lords" te stel bo die verkose Parlement. Aan hierdie aangestelde „Raad" of „Senaat" het die Britse Regering toe die reg gegee om enige wet van die betrokke Volksraad teen te gaan:

> „Because our "House of Lords" is not susceptible to direct imitation, these communities have been driven to invent second chambers upon such principles as they or the British Government believed at each time and place to be most suitable" (Selbourne: *The Citizen and the State*, bls. 48).

**Kanada: Die eerste „Dominion":** Kanada is die eerste Britse geweste wat tot 'n Dominion gemaak is—d.w.s. tot 'n Kolonie wat byna al die magte van 'n onafhanklike Staat besit.

Grootliks op die voorbeeld van Kanada van 1867 is die Dominium van Australië later in 1900 gevorm en nog later in 1910 die Dominium van die Unie van Suid-Afrika. Gevolglik is die Konstitusie van Suid-Afrika, net soos dié van Australië, sterk beïnvloed deur die geskiedenis en die Konstitusie van Kanada.

**Engeland gee selfregering aan Kanada: Motief om rykdomme in te palm:** Gedurende die 19de eeu het onluste en opstande geduriglik in Kanada plaasgevind, en dit het vir die Britse regeerders al hoe meer oortuig dat hul Kanada nie meer baie lank sou kan bly behou nie. Om hierdie rede het hulle toe sekere lord Durham na Kanada gestuur as Goewerneur, wat in hierdie wanhopige posisie hul moes adviseer hoe hul nog miskien die posisie kon red.

Lord Durham het in 1839 'n verslag uitgebring en voor die Britse Regering gelê. Daarin het hy onomwonde die Britse standpunt gestel dat Engeland geregtig is op die rykdomme van Kanada, en hul toe getroos deur hul te verseker dat deur die regte regeringsvorm in te stel hul nog daardie rykdomme sou kon bly behou:

> „The country which has founded and maintained these Colonies at vast expense of blood and treasure, may justly expect its compensation in turning their unappropriated resources to the account of its own redundant population .....
>
> „Under wise and free institutions these great advantages may yet be secured to your Majesty's subjects .... " (bedoelende die regerende kaste van Engeland). (—Lucas *Lord Durham's Report*, bls. 13).

**Kanada kry 'n „House of Lords": Om Volksraad te blokkeer:** Hierdie nuwe vorm van Regering, hierdie „wise institution", het lord Durham gesê moet 'n Tweede Kamer of 'n „House of Lords" kry om die Volksraad te kan strem; dit moet wees „A non-electric check on the elective Branch of the Legislature" (Lucas, bls. 325).

Die Britte het toe vir Kanada 'n Senaat in die lewe geroep, wat 'n nabootsing van die Engelse „House of Lords" sou wees, wat selfs die naam „House of Lords" sou dra, en wie se lede aangestel sou wees en nie verkies sou wees nie. Hiermee het die Britte gehoop om die Kanadese Volksraad (of „House of Commons") magteloos te hou. En so sou die Kanadese Parlement onderdanig bly aan die geldbelange van „the country which has founded ..... these Colonies", sodat hierdie „Country" (nl. Engeland) „can turn the unappropriated resource to their own account."

Hierdie gees en beginsels van die *Durham Report* het 'n blywende invloed op Britse beleid gehad.

> „It is hardly too much to say that this Report is the most valuable document in the English language on the subject of colonial policy" (Egerton: *Short History of British Colonial Policy*, bls. 304).

Dit is dan ook verstaanbaar dat die stelsel wat so doelbewus en met sulke motiewe vir Kanada ontwerp is, later in 'n gewysigde vorm ook op Suid-Afrika toegepas is.

**Die Kaap voor 1853: Net een „Volksraad":** Voor 1853 is die Kaap regeer deur 'n Goewerneur en 'n „Raad" (wat mens hier sal kan vergelyk met 'n „Volksraad"). Hierdie „Raad" het bestaan uit aangestelde lede.

Die Britte het dit toe glad nie nodig gevind om 'n Parlement van twee Huise nl. 'n Volksraad en 'n Senaat, te hê nie. Want hulle het die „Parle-

ment" beheer en hul sou tog nie 'n Senaat wou hê om hulself lam te maak nie. Eén Kamer of „Raad" was genoeg. Dit het goed gewerk.

**Transvaal en Vrystaatse Republieke: Alleen Volksraad:** Voor die Tweede Vryheidsoorlog het die Transvaal en die Vrystaat albei Parlemente gehad wat bestaan het net uit één Huis, nl. 'n Volksraad. (Later het die Transvaal wel 'n sogenaamde „Tweede Volksraad" gehad maar dit was in werklikheid geen Volksraad nie.)

En nieteenstaande dat hierdie twee Republieke slegs Parlemente van één Huis elk gehad het, is hul goed regeer—so goed dat die Vrystaat in die wêreld van daardie tyd bekend was as die „Model"-Republiek van die wêreld.

**Transvaal en Vrystaat onder Britse Goewerneurs : Een Raad:** Na die verowering van die Transvaal en die Vrystaat deur die Britte, is albei regeer deur 'n Britse Goewerneur en weer net één Raad van aangestelde persone.

Daar weer het hulle dit nie nodig geag om 'n Tweede Kamer of Senaat in te voer om die ander Raad te bedwing nie, want die Britse Regering het daardie Raad alreeds in sy mag gehad.

**Transvaal en Vrystaat kry self-regering maar ook 'n „Senaat":** Die oomblik egter toe die Britse Regering daartoe oorgegaan het om aan die twee vroeëre Republieke weer selfbestuur toe te ken, het hul onmiddellik gekom met die instelling van 'n „Tweede Kamer" of „Senaat", 'n sogenaamde „Legislative Council". En aan hierdie „Senaat" het hul op hul gebruiklike manier die mag gegee om die Volksraad magteloos te maak.

**Engeland vrees die Transvaal en Vrystaat sal weer vry word:** Reeds gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het almal geweet dat 'n oorlog tussen Engeland en Duitsland nie meer ver was nie. Trouens die Boeregeneraals het altyd gehoop dat so 'n oorlog reeds gedurende die Vryheidsoorlog sou uitbreek, met die volle vertroue dat hul Engeland dan uit die Republieke sou kon verdryf. Maar daardie oorlog het toe nie gekom nie.

Die Boeregeneraals het egter geweet dat die oorlog van Duitsland teen Engeland een of ander tyd sou kom. En toe vrede gesluit is by Vereeniging het verskillende Boeregeneraals na hul manskappe teruggegaan en die manskappe beweeg om hul geweers neer te gooi met die belofte dat sodra Engeland in 'n stryd met Duitsland gewikkel raak, hierdie Boeregeneraals sou opstaan om die vryheid van Suid-Afrika te herwin.

So algemeen is hierdie belofte gemaak dat die Britse Regering sonder enige twyfel daarvan te hore gekom het.

Die Britse Regering het gevolglik gevrees dat sodra die oorlog met

Duitsland begin, die Transvaal en die Vrystaat ook werklik sou opstaan om hul onafhanklikheid terug te neem.

Hou sou die Britse Regering nou so iets onmoontlik kon maak?

Reeds Milner het die plan aan die hand gegee: Die vier Kolonies van Suid-Afrika sal tot 'n eenheid saamgesnoer moet word. Dan sal Natal en die Kaap sterk genoeg wees om Transvaal en die Vrystaat vas te bind aan Engeland.

Hierdie samesnoering kon die vorm aanneem van 'n Federasie soos Kanada en Australië, of van 'n Unie soos Engeland self. Maar as die samesnoering van die vier Kolonies sou geskied in die vorm van 'n Federasie dan sou die Vrystaat en die Transvaal elk nog so sterk en so afgesonder wees dat hul tog nog sou kon losbreek en onafhanklik sou kon word.

'n Federasie sou dus nie die regte vorm wees nie. Beter sou dit wees om die Kolonies saam te bind in die vorm van 'n Unie, want in 'n „Unie" sou die Sentrale Regering geweldige magte oor die Provinsies kry en sou die Provinsies altyd aan die genade van die Sentrale Regering oorgehandig wees. Om hierdie oorweging het die Britse Regering toe besluit dat die vier Kolonies van Suid-Afrika tot 'n „Unie" omgeskep moes word.

**Britse regering bewerkstellig unifikasie van S.A.** Nadat Milner in 1905 na Engeland teruggeroep is, is as sy opvolger gestuur sekere Lord Selborne. Selborne is aangestel as Goewerneur van Transvaal en as Hoë Kommissaris oor die Britse naturellegebiede in Suidelike Afrika. In hierdie hoedanigheid het hy regeer tot met die stigting van die Unie in 1910.

Die omstandigheidsbewyse is baie sterk dat die Britse Regering opdrag aan Selborne gegee het om die Unifikasie van Suid-Afrika te bewerkstellig. Hy self was baie behep met die idee, en gou reeds het hy die jong manne van Milner se „Kindergarten" gebruik—daardie jong kêrels wat Milner van Engeland gebring het om Suid-Afrika op verskillende terreine te regeer—om vir hom 'n memorandum op te stel oor die wenslikheid en „noodsaaklikheid" van die vorming van 'n Unie. Die leidende onder hierdie jong manne was sekere Lionel Curtis, wat Milner hoof gemaak het van die Johannesburgse Stadsraad as „Stadsklerk".

Lionel Curtis en sy vriende het 'n memorandum opgestel waarin hul die wenslikheid van Unifikasie uiteensit en dit voorstel as sou dit uiters noodsaaklik wees. Lord Selborne het die memorandum verder verwerk.

Hierna het die probleem ontstaan hoe om die Engelssprekende leiers, maar veral die Boeregeneraals en die Afrikaanssprekende leiers deur hierdie dokument te beïnvloed. Selborne het geweet dat die oomblik dat daardie vooraanstaande manne die motief agter dit alles ontdek, hul dit meteens

sou verwerp. En hy moes toe 'n plan maak „to drop it in the path of South African Statesmen" (soos hy self gesê het) op so 'n manier dat hul die aas sou insluk sonder om te weet dat dit 'n hoek bevat waardeur hul aan Engeland gebind sou word soos 'n vis aan 'n visserman se skuit.

'n Ander vyand van die Boere, dr. Jameson, die leier van die „Jameson Raid" en „the inheritor of Rhodes's enthusiasm for Union" (soos Basil Williams hom noem), was in daardie tyd Eerste Minister aan die Kaap, en net so begaan oor die bewerkstelliging van die Unifikasie van die vier Kolonies van Suid-Afrika as Rhodes en Selborne self.

Selborne en Jameson het toe 'n plan ontwerp: Dr. Jameson sou sy Regering beweeg om Lord Selborne te vra om hul van advies te bedien en dan sou lord Selborne hierdie „Selborne Memorandum" aan die Kaapse Regering oorhandig. So sou die „Memorandum" 'n dokument van die Kaapse Regering word.

> „He accordingly on behalf of his Ministry forwarded to Lord Selborne a minute drawing his attention to the dangers of the state of disunion in South Africa and requesting him to bring them home to the public by "undertaking to review the situation in such a manner that the public may be informed as to the general position of affairs throughout the country" " (Basil Williams: *The Selborne Memorandum*, bls. XX).

Dit het geskied, en onmiddellik nadat Jameson die „Selborne Memorandum" ontvang het, het sy Regering dit gepubliseer in die Kaapse offisiële Blouboek. Uit daardie Blouboek is dit toe in pamfletvorm oorgedruk en by die duisende in die vier Kolonies versprei.

**Selborne sit organisasie aan die gang:** Selborne en Milner se Kindergartern het toe aan die werk gespring: orals in Suid-Afrika het hulle „Closer Union Societies" gestig—vereniginge van mense wat hulself sou beywer vir die Unifikasie van die vier Kolonies; boeke en dokumente is aan die publiek verskaf; en spesiale handleidings is deur hul opgestel om die Staatsmanne te beïnvloed. Eén so 'n handleiding is opgestel deur Lionel Curtis self, en is later as 'n bundel uitgegee onder die titel „The Government of South Africa", maar sonder om die skrywers te vermeld. 'n Ander handleiding is opgestel deur B. K. Long ('n bittere vyand van die Boere) onder die naam „Framework of Union". (B. K. Long was later die bitsige redakteur van die „Cape Times").

Op suggestiewe manier het hierdie handleidings vir die Staatsmanne en vir die politici aan die hand gegee hoe hul die nuwe Unie moes saamstel.

So het lord Selborne baie groot invloed uitgeoefen op die totstandkoming

van die Unie en ook op die inhoud van die Unie se Konstitusie, die latere sogenaamde „South Africa Act" van die Britse Parlement, veral toe hy gen. Smuts vir sy planne gevang het.

Gen. Smuts het hierin die kans van sy lewe gesien:

> „It was the realising of a dream, and a dream that he had dreamed since he was a youth. It was his philosophy of life, his guiding principle, to see everything as part of a greater whole, each part developing and coalescing into a greater whole which in turn was but a part of some greater whole". (Armstrong: *Grey Steel*, bls. 184)—en aan die spits van daardie „greater whole" sou hyself, Jan Smuts, staan.

Selborne het nou sy middel gevind: Jan Smuts sou die handige agent wees om die Boere te streel om die Britse planne vir Unifikasie te sluk.

**Suid-Afrika kry 'n Senaat: Teen die Volksraad:** In B. K. Long se *Framework of Union* word Parlemente wat net uit 'n Volksraad bestaan verkleineer en word lof oor 'n Senaat uitgespreek.

> „All experience, both ancient and modern, clearly proves this that in all cases where it has attempted to carry on a democratic form of Government with One House, the result has been either Anarchy and the abandonment of the attempt, or the institution of some other form of Government" (B. K. Long: *Framework of Union*, p. 92).

Grootliks op sulke advies is gen. Smuts en ander leiers beweeg om 'n Senaat in te voer—'n Senaat wat hier tot 'n sekere mate die diens van 'n „House of Lords" moes verrig—die diens nl. om te sorg dat die Volksraad sou handel soos die Britse imperiale belange dit sou verlang.

> „The dispatch and memorandum had this inestimable merit that they cristallised public opinion at exactly the right moment," vertel Basil Williams (*The Selborne Memorandum*, p. XIV).

Lord Selborne en die Milnergroep het pragtig daarin geslaag, nie net om selfs die Boere te beweeg om in die unifiseringskraal in te stap nie, maar om toe nog hulself daarin te laat knelter deur 'n Senaat. Agteraf het gen. Smuts klaarblyklik alles reeds gereël gehad vir die instelling van 'n Senaat toe die verteenwoordigers van die vier Kolonies in Durban saamgekom het om as sogenaamde „Nasionale Konvensie" te „beraadslaag" oor die bepalings van die komende Unie se Konstitusie, want toe President Steyn die wenslikheid van 'n Senaat aanhanging wou maak, het die Voorsitter dit uit die orde gereël (F. S. Malan: *Konvensie-Dagboek*, bls. 59).

**Senaat: Net 'n Belemmering van vryheid:** Die Britse imperiale heersers

het daarvoor gesorg dat hul „House of Lords" in die gedaante van 'n „Senaat" in die Konstitusie van die Unie van Suid-Afrika ingesit is. En hul doel was om die Volk van Suid-Afrika, en veral die Afrikanervolk (as die mees nasionale deel daarvan), te dwarsboom in sy pogings om 'n magtige en kragtige volk te word.

Gelukkig het hulle nie in al hul planne geslaag nie. Maar in sekere opsigte het hul tog sukses gehad: Albei kere wat 'n Nasionale Party die meerderheid in die Volksraad verkry het, het dit te doen gekry met 'n Senaat wat gelaai was met vyandige manne. En elke keer wat die dreigende stemreg van die Naturelle of die Gekleurdes ingekort moes word, was selfs 'n minderheid vyandige senatore genoeg om dit te belet. Want die Britse Regering was slim genoeg om hul nie net te verlaat op 'n vyandige Senaat nie, maar ook op die swart rasse om enige Nasionale stroming magteloos te maak; en in die Konstitusie van die komende Unie het hul vir 'n bepaling gesorg dat die stemreg van die Naturel of van die Kleurling alleen weggeneem sou kon word as twee derdes van die hele ledetal van die Senaat en die Volksraad tesame daarvoor sou besluit.

In hierdie set het die Britse imperialiste byna geslaag, want in die praktyk is dit feitlik onmoontlik vir enige party om 'n twee derde meerderheid te kry. Die Senaat was 'n baie doeltreffende blok aan die been van die Suid-Afrikaanse Volk. En met daardie blok aan sy bene sou hy op die lange duur sink—tensy hy onder alle omstandighede betyds daarvan ontslae kan raak. Hierdie krisisoomblik het nou aangebreek.

**Senaat-Samestelling:** Volgens die Britse Regering se „South Africa Act" moet die Senaat bestaan uit 8 Senatore vir elke Provinsie wat gekies word deur die Volksraadslede en Provinsiale Raadslede van daardie Provinsie saam, en in hierdie verkiesing kry elke Party 'n aantal Senatore in verhouding tot sy sterkte. Bo en behalwe hierdie getal stel die Regering 8 Senatore aan.

Toe Suid-Wes-Afrika in 1949 by die Unie aangesluit het, het daar bygekom 2 Senatore deur Suidwes se verteenwoordigers gekies, tesame met 2 Senatore deur die Regering aangestel.

**Senaat word vergroot: 1955:** Dit is vandag dringend noodsaaklik dat die Kleurlinge van die Kaap van die Blanke Kieserslys af gehaal word. As hul daarop bly, is dit glad nie uitgesluit nie dat binne 'n kort tyd so baie geregistreer sal wees dat geen Regering wat staan vir die aparte ontwikkeling van Blankes en Gekleurdes ooit weer Suid-Afrika sal kan regeer nie. In talle kiesafdelings sal die Klerulinge binnekort genoeg wees om vir altyd liberaliste verkies te laat word.

Vanaf 1952 is herhaalde male al probeer om die Kleurlinge af te kry. Elke keer het dit misluk. Die Wet om hul te verwyder is strydig met alle verwagtings nietig verklaar deur die Howe, wat die standpunt ingeneem het dat die enigste Wet wat hulle gaan erken 'n Wet is wat die kleurlingstem verwyder met 'n twee derde-meerderheid van die Volksraadslede en Senatore tesame.

Om die rede het die Nasionale Regering in 1955 daartoe oorgegaan om 'n Wet te maak wat die getalle van die Senaat nou so gaan vergroot (tot 89) dat wanneer die Volksraadslede en Senatore saam vergader, die Nasionale Party 'n meerderheid van twee derdes sal kan hê. En hierdie finale stap sal in 1956 geneem word.

A. HERTZOG.